Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 11 Deel 110
VRYDAG - 22 MAART 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Só lyk 'n SA Kampioen
## Aldi eerste by SA atletiekbyeenkoms



Dit is 'n groot oomblik vir 'n 10 jarige atleet om vir die eerste keer aan die Suid-Afrikaanse Atletiekbyeenkoms te kan deelneem - wat nog te sê van wen. 'n Primêre atleet van die Hoërskool Heilbron het die naweek haar goue medalje in gewigstoot verower. Aldi Strydom, dogter van Leonard en Surene Strydom het op 16 Maart vir die eerste keer aan die SA's in Germiston deelgeneem. Sy het in Januarie 10 jaar oud geword en is 'n graad 4 leerder aan die Hoërskool Heilbron. Aldi het vierde geëindig in die Noord-Vrystaat kampioenskappe, tweede in die Vrystaat kampioenskappe en met 'n wen afstand van 9,97m goud verower in die eersteplek by die SA kampioenskappe. Wat hierdie prestasie net nog meer laat uitstaan is die feit dat Aldi linkshandig is. Daar is oorspronklik gedink dat Aldi tweede plek gewerf het, maar nadat die finale afstande deeglik gekontroleer is, het dit getoon dat sy gewen het. Die tweedeplek is aan 'n ander Vrystater toegeken met 'n afstand van 9,66m. Aldi kan reeds outomaties aan 2020 se SA's deelneem met haar afstand. Atlete moet 'n afstand van 9,7m gooi om te kan kwalifiseer vir volgende jaar. Sy het oopkop, goed voorbereid en reg vir die dag uit Heilbron vertrek vir die wenposisie. Sy word ook beskryf as 'n regte *go-getter*, vasberade en doelgerigte dogter. Sy het fantastiese ondersteuning ontvang voor en tydens haar deelname.

Aldi het baie hard geoefen en pluk nou net die vrugte. Sy wil graag volgende jaar aan skyfwerp en spiesgooi deelneem. Met haar deursettingsvermoë, is sy 'n atleet om dop te hou.

# Beurtkrag wek kommer

Beurtkrag tref Suid-Afrikaanse huishoudings en besighede met 'n strawwe hou. Vanaf Saterdag, 16 Maart 2019 laat Eskom die land in die steek met gereelde en al hoe meer gereelde kragonderbrekings. Talle besighede ly verlies vanweë die elektrisiteits te kort! Daar is reeds berig van winkelsentrums wat byna R200 000 per uur verloor as gevolg van die kragonderbrekings. Sommige winkels sonder kragopwekkers sluit omdat hulle nie klante verder kan help nie, só ook vir diefstal. Selfoonnetwerke sukkel ook om die mas op te kom as gevolg van fase vier beurtkrag wat veroorsaak dat die krag meer gereeld afgaan. Daar is nie genoeg tyd vir die noodbatterye om te herlaai om die selfoonnetwerke te ondersteun nie. "As gevolg van die krag wat af is gaan die pomp van water ook 'n probleem begin word," laat hoor 'n bekommerde bestuurder van Heilbron.


Vanaf Sondag, 17 Maart tot en met druktyd, Woensdag, het 'n groot fabriek in Heilbron reeds 1943 liter diesel gebruik om krag vir slegs 'n gedeelte van die fabriek te kan voorsien. Selfs teen 'n spesiale tarief van ongeveer R13 'n liter word duisende rande uit die sak gejaag sodat 'n gedeeltelike produksie kan voortgaan. Kenners voorspel dat beurtkrag nog vir 'n hele ruk Suid-Afrika se voorland is. Tref voorsorg met sonpanele, gastoestelle en kragopwekkers. Hou ook die beurtkragskedules dop om nie onkant gevang te word nie. Kyk op bladsy twee vir fase twee en vier skedules. Volledige skedules is beskikbaar by www.loadshedding.eskom.co.za.

Selfoontoepassings is ook beskikbaar om af te laai op Play Store of App Store.




FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB LOUWID

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# TB-bewustheidsmaand

## Waarskuwingstekens van TB

• ***Heilbron Kliniek***

1. Hoes langer as twee weke of bloed in sputum.
2. Koors langer as twee weke.
3. Onverklaarbare gewigsverlies.
4. Erge nagsweet.
5. Kontak met 'n onlangse gediagnoseerde pasiënt binne twee weke.

Gedurende Maart het Heilbron Kliniek veldtogte gehou, voorligting gegee en persone geïdentifiseer en opgevolg met moontlike TB simptome.



*Op die foto bo van die personeel van Heilbron Kliniek.*



*Op die foto bo Suster Hettie Rothman wat voorligting gee.*
*Inlas foto: Ma en seun woon voorligtingspraatjie by.*



*Op die foto bo leerlinge van Hoërskool Heilbron.*



*Op die foto van die kleuters by Kleuterkasteel.*




*Op die foto Suster Riekie Els.*


# - SCREENING -

## Riemland Pharmacy, Heilbron



## 27 March 2019 | 10:00-16:00

**Services available:**

- Pap Smear* - R330
- Clinical breast examination - R90
- Prostate Specific Antigen (PSA)** blood test - R150
- FotoFinder mole-analysis - R160
- ABCDE mole examination - R110

**Venue:**
Riemland Pharmacy
40 Pierce Street, Heilbron

**BOOKING IS ESSENTIAL - contact:**
CANSA Care Centre Bethlehem: 058 303 3522
Riemland Pharmacy: Betsie Walsh 083 792 7517

CANSA
Research • Educate • Support

Tolvry 0800 22 66 22
www.cansa.org.za



**Caxton offers support to Black owned small media agencies.**

Caxton & CTP Publishers and Printers and its subsidiaries – one of South Africa's largest media groups - offer small advertising agencies an opportunity like no other.

Qualifying Small Agencies* can now benefit from a 25% bonus allocation of advertising space when booking print media advertisements in Caxton publications including 12 national and 14 local magazines, Ramsay magazines, The Citizen newspaper and more than 140 local newspapers.**

**This offer emanates from an agreement between the Competition Commission of South Africa and Caxton and is scheduled to run until February 2021.**

To register as a beneficiary of this offer, visit www.applyforsma.co.za and follow the online instructions after consulting the terms and conditions referred to above.

For more information, contact SPARK Media on 010-492-8391.

CAXTON&CTP publishers & printers LIMITED

*"Qualifying Small Agencies" means those agencies (i) which meet the criteria set out in the Broad Based Black Economic Empowerment Act 53 of 2003 and the codes of good practice issued thereunder; (ii) that place less that R50 million worth of advertising a year with any one or more media owners; and (iii) that are majority owned by Black People.

** Terms and conditions apply. These can be found at www.applyforsma.co.za. The offer is subject to a total annual advertising space cap of R15 000 000. The bonus advertising space may be utilised at the reasonable discretion of Caxton, subject to space availability.

# Bootreis *(Deel 1)*



**ONS IS VAN DIE BEVOORREGTES WAT ONLANGS MET VAKANSIE WAS.** Welverdiend. Dit was heerlik om vir vyf dae nie oor werk bekommerd te wees nie. Ek was die een wat altyd gesê het dat 'n mens nie nodig het om na 'n plek toe te gaan waar daar nie selfoonsein is nie. Jy hoef net bloot nie die foon te antwoord nie.

Makliker gesê as gedoen.

Nietemin. Ek oordink die dilemma van die Titanic: Daar was 'n totaal van 2 223 mense aan boord. Net 31,8% van hulle het oorleef. Die boot was 269m lank. Dit was 28 meter breed en 53,3 meter hoog. In vandag se geldwaarde sou 'n kaartjie vanaf Southampton tot New York tussen $621 en $77100 kos. (Dis flippen baie!) Teen vandag se waarde sou dit $128 miljoen kos om gebou te word. Die Titanic was die grootste skip vir daardie tyd. Dit het 3 jaar geneem om dit te bou. 'n Totaal van 3 000 000 sterk *pop rivets* is gebruik om die skippie aanmekaar te hou.

Titanic het 9 vlakke gehad. Daar was nie genoeg reddingsbote vir die hele skip nie. Want daardie skip sou mos nie sink nie. Maar ongelukkig het dit net 37 sekondes geneem vandat die kaptein die ysberg gesien het totdat die skip daarmee gebots het.

**TOE KOM DIE VOLGENDE GROOT ENE WAARVAN EK WEET:** In 1952 is die Oceanos te water gelaat. Dit het 14 000 ton geweeg, was 152 meter lank en 20 meter breed. Daar kon 550 passasiers en 250 bemanning op die skip geakkomodeer word. Die skip het aan eienaars vanuit Griekeland behoort, maar dit het aan die Suid-Afrikaanse kus gesink. Sy het die eerste keer in 1988 Suid-Afrikaanse waters ingestoom. Op 3 Augustus 1991 seil sy vanaf Oos-Londen met 571 passasiers op pad Durban toe. Daar was 'n bomdreigement en dit het veroorsaak dat die skip effens te laat uit die hawe vertrek het. Die see was redelik rof en sy moes vinniger beweeg as wat aanvanklik gemeen is.

Blykbaar is een van die ventilasiepype wat die afval vervoer het, nie op die hawe vervang nie, ook nie 'n eenrigtingklep nie. Teen ongeveer 21:30 het passasiers 'n dowwe ontploffing gehoor en die skip het krag verloor. Water het die enjinkamer ingestroom en die krag na die res van die skip afgesny. Teen die volgende oggend het die Oceanos erg na die kant oorgehel en naby Koffiebaai op die rotse geloop. Dit het 7 ure geneem om al die passasiers na veiligheid te bring. Die bemanning het die skip verlaat sonder dat die passasiers gered is.

**EN TOE SIEN EK DIE FLIEK POSEIDON…**

Maar dit is niks nie. Toe sien ek die MSC Musica.

Hierdie skippie het plek vir 2 250 passasiers. Daar is 13 vlakke bo die water. Daar werk 987 bemanning op die skip. Hierdie skip het in 2006 vir die eerste keer soutwater geproe. Musica is 293 meter lank en 32,3 meter breed. Groter as die Titanic. Daar is 275 binnekajuite en 1000 buitekajuite.

En toe is ons op die bootjie. Pomene toe. Waar dit ook al is. (En hierdie vertelling gaan meer as een artikel beloop)

Ons word saam met Chris en Penny by 'n restauranttafel ingedeel. Penny se regte naam is nie Penny nie, maar vir ingeval jy haar ken, verander ek haar naam na Penny. Want dit klink of hulle al min of meer orals was, behalwe waar dit saakmaak. Soos die advertensie van ouds.

**CHRIS EN PENNY BESTEL MET ELKE ETE 'N BOTTEL ROOIWYN. SHIRAZ.** Ek is so dronk van die skippie wat op- en af beweeg dat ek nie 'n bottel wyn nodig het nie. Penny meen dat die shiraz nie die regte, egte shiraz is nie, want dit is nog nie oud genoeg nie. En dit bevat ook nie soveel alkohol soos ander bottels shiraz nie, want dit maak haar nie dronk genoeg nie.

Ek is nie vreeslik slim nie, maar ek weet darem dat shiraz gemaak word van shiraz (ook genoem syrahdruiwe). Maar ek hou vir haar as 'n verrassing.

Ek giggel by myself wanneer sy haar groen-geel naels om haar wynglas krul en dit met drie lekker slukke inwurg.

Ten spyte van die min alkoholinhoud, bestel sy dieselfde wyn drie aande agtereenvolgens.

Chris was 'n mynwerker wat vroeg met pensioen gegaan het. Penny doen klaarblyklik gemeenskapswerk, maar haar droom is om 'n skool vir gestremdes te begin. Met 'n twist. Sy gaan van ander instansies gebruik maak om befondsing en dan moet die kinders oor naweke ook in die koshuis bly. Maar sy gaan nie deel wees van die koshuis nie, want sy wil naweke by haar familie wees.

**SY KLA OOR DIE SEEKOS WAT NIE GENOEG IS NIE**. Sy wonder hoekom haar nagereg elke keer valer en minder smaakvol as ons s'n lyk. En sy wonder of jy jou huis uit die hand kan verkoop sonder dat dit by 'n eiendomsagent gelys is. Sy dra *costume jewelry* wat lyk na saffier en goud wat aangeslaan het. Haar klere blink soos tannie Elize Botha s'n toe dié nog die Eerste Minister se vrou was.

Sy hang haar servet om haar nek en mors 'n blerts kreefsop daarop. Chris leer vir ons kelner (wat van Honduras af kom) wat *Shanana* beteken. Klaarblyklik "lekker" in Xhosa. Iewers in die gesprek noem ek dat Bozo in die sewentigerjare al in die *sitcom* Sha-na-na gesing het: "Goodnight, Sweetheart, it's time to go". En hy lag skelm saam. Ja, sê Penny, sy was darem nog baie klein. Jip, soos ons. Chris kom nie agter dat ons heimlik weet dat Shanana nie 'n Xhosa-woord is nie. (Volgens Google beteken Shanana: *A term of delight when referring to a situation that pleases the recipient.)* Die skippie rol vorentoe en agtertoe. Weer en weer.

**EK GIGGEL (SONDER 'N HAPPIE SHIRAZ) OOR SHANANA EN PENNY SE SHIRAZ WAT NIE DRONK GENOEG MAAK NIE.** Ek moes iewers aan die slaap geraak het, want toe ek wakker word, skyn die son welig oor die gladde see tot binnein ons kajuit. Volgende week vertel ek verder.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Vierde Lydensweek
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Suid)
Blok 2

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 2 & 3

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Vierde Lydensweek**
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

## RAVEN WORSHIP CENTRE

*45 Plein Street, Heilbron (next to Wiltess)*

**Our Vision:** Restoring a Vision Healed a chosen leader in the body of Christ/Modeling and quipping the body to be fruitful and to take dominion.

**Our Mission:** to preach an uncompromising word of the cross to our neighborhood/street vendor/and wherever the need arise. We are a God chosen church were a imperfections will be transform into a Godly perfection design/we are a chosen voice for those who are been rejected, mistreat /misuse and spiritually abuse, we are promoted a God given vision that will speak on your behalf /Raven worship centre is the place where the ravens will feed you at your brook /without judging you /it a place were your gift count for some thing .... a church for all of you.

**Our objectives and principal:** This vision is organized and operated exclusively for religious purpose and charity on a non profit basis.

**We shall have the following purpose:** outreaching programs/to conduct a local church under the leadership of The Lord our saviour the direction of the holy spirit in a accordance with all the commandments and provision in the holy bible. etc

We are a registered institution /and trust God that this vision will make a different in our society.

**This church will operate under the leadership of Apostle Bernard and Pastor Joyce Caroline Revell**

**For more information feel free to contact us**

**064 009 1808 or 073 191 5529**

***Feel free to joint us for our launch on the 24 of March 2019 at 15:00***



## RIEMLAND MUSEUM TYE

**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

## Biblioteek Tye

**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.



# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 23 Mrt. | 14 / 27 | 47% kans vir donderbuie. |
| So 24 Mrt. | 15 / 27 | 53% kans vir donderbuie. |
| Ma 25 Mrt. | 15 / 25 | 40% kans vir donderbuie. |
| Di 26 Mrt. | 14 / 25 | 46% kans vir ligte reën. |
| Wo 27 Mrt. | 13 / 23 | 29% kans vir oggendbuie. |
| Do 28 Mrt. | 15 / 24 | Bewolk. |
| Vr 29 Mrt. | 15 / 23 | 48% kans vir donderbuie. |
| Sa 30 Mrt. | 13 / 23 | Sonnig. |
| So 31 Mrt. | 13 / 23 | Sonnig. |
| Ma 1 Apr. | 13 / 23 | Sonnig. |
| Di 2 Apr. | 13 / 23 | Sonnig. |
| Wo 3 Apr. | 13 / 23 | Sonnig |

**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033.**

### NG GEMEENTE KOPPIES-WELTEVREDE PAASKONFERENSIE 2019

**TEMA:** Ek roem in die kruis
**PREDIKERS:** Ds. Piet du Toit en Ds. Bernard
**SANGDIENS:** Oscar Ehrensperger
**WAAR:** NGK Koppies-Weltevrede
**WANNEER:** 19 - 21 April 2019

***Kontak Linda Beukes, weeksdae 08:00 - 12:00 by 056 777 1762 Of E-pos: ngweltevrede@carfone.net***

Etes kan bespreek word: Koffie en beskuit gratis, Middagete R30 en Aandete R20.
Bespreek asseblief voor of op 5 April 2019
Indien vroegtydig bespreek word kan gratis verblyf by gemeentelede gereël word of u kan u eie verblyf reël op u eie onkostes.
E-pos adres is: ngweltevrede@carfone.net

### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

## KENNISGEWING

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***




- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019

### KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **CORNELIS JOHANNES ROOS,** Identiteitsnommer: 400227 5002 089, wewenaar wat woonagtig was te plaas Schoongezicht, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 24 September 2017, Boedelnommer 009626/2017.
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **JOHANNA FRANSCINA ROOS,** Identiteitsnommer: 401215 0001 080, wie getroud was buite gemeenskap van goed met Cornelis Johannes Roos, wie woonagtig was te plaas Schoongezicht, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 26 Julie 2017, Boedelnommer 8659/2017.
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## BETREKKING

**BETREKKING VAKANT**
**CORNELIUS & VENNOTE PROKUREURS**
Benodig die dienste van 'n
**ONTVANGSDAME**
Met rekenaarvaardigheid, tik, algemene ontvangs & sekretariële ondervinding vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.
**Stuur volledige CV na Mev A Schutte**
**E-pos** amanda@corven.co.za
**Faks: 058 852 1838**

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoef-tiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## TE KOOP




### HEILBRON KLINIEK

Griepspuite binnekort beskikbaar by kliniek.

### TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**
**Heilbron**

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

*Vir die beste transaksies en diens*

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

### *Ons hoor graag van jou*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite.
Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

**heraldnuus@heilbron.co.za**

## JAARBEPLANNER

**APRIL**
26 Donkie Derby Hoërskool Heilbron

**OKTOBER**
12 SPAR-Gholfdag.

### SKAPE TE KOOP

Staak skaap boerdery, Dohne-Merino skape te koop.
**Skakel eienaar 064 950 1787**

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033

### SKOOL TERMYNE

• Sluit 15 Mrt. Open 2 Apr. • Sluit 14 Jun. Open 9 Jul. • Sluit 20 Sept. Open 1 Okt • Sluit 4 Desember

## Public Notice

### Application for the Trial Release of genetically modified soybean

Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd, 272 West Avenue, Lakefield Building A Centurion, 0046, hereby informs the public about its intention to submit applications for the intentional introduction (conduct trial release) of two genetically modified soybean events into the South African environment. The applications are for DAS-81419-2 x DAS-44406-6 and DAS-44406-6 soybean events.

The aim of the proposed trials is to conduct environmental safety evaluations, determine agronomic equivalency and trait efficacy of the above soybean events when planted under South African conditions.

DAS-81419-2 x DAS-44406-6 soybean was produced by conventional breeding methods between the progeny of two genetically modified soybean events namely: DAS-81419-2 and DAS-44406-6. DAS-81419-2 soybean was produced using *Agrobacterium*-mediated transformation of soybean cells using plasmid pDAB9582, resulting in the insertion of three gene cassettes containing the *cry1Fv3*, *cry1Ac(synpro)* and *pat* genes in soybean genome. DAS-44406-6 soybean was produced using *Agrobacterium*-mediated transformation of soybean using plasmid pDAB8264, resulting in the insertion of three gene cassettes containing the *2mepsps*, *aad-12* and *pat* genes in soybean genome.

As a result of the above transformations, DAS-81419-2 x DAS-44406-6 soybean expresses Cry1F and Cry1Ac proteins which confer protection against certain lepidopteran soybean pests. And both DAS-81419-2 x DAS-44406-6 and DAS-4440606 soybeans express PAT, 2mEPSPS and AAD-12 proteins which confer tolerance to glufosinate-ammonium, glyphosate and 2,4-D herbicides, respectively.

The trial release is proposed to occur at the following areas: Brits, Brondal, Carolina, Delmas, Frankfort, Greytown, Groblersdal, Koppies, Koster, Letsitele, Potchefstroom, Pretoria, Rayton, Reitz, Rustenburg, Schoemanskloof, Merrivale, Nelspruit, Olifantsfontein, Tarlton, Thabazimbi, Ventersdorp, Wesselsbron, White River, and Winterton. The trials will be laid out in approximately 0.5 to 1.0 hectare fields and positioned as stipulated in the guidelines, in order to be in compliance with all required conditions.

Exposure to the environment outside the experimental sites and other soybean crops will be avoided through both physical measures as well as spatial isolation. Upon harvesting of the trials, all resulting seed along with plant material remaining in the field will be destroyed in compliance with the GMO Act, 15 of 1997. The trial site will be monitored through the next growing season for volunteer soybean plants. Volunteers will be destroyed before flowering by mechanical tillage or appropriate herbicide application.

All interested parties should submit comments or objections, in connection with the intended release, in writing to: The Registrar: Genetically Modified Organisms Act, Private Bag X973 Pretoria 0001. Fax No: 012 319 6298
E-mail: **GMOAppComments@daff.gov.za**

All comments or objections must be received within 30 days from publication of this notice.

# SA Kampioen



*Dit is met groot plesier om vir Aldi Strydom uit te wys as die SA kampioen! Aldi het goud verower op die SA Kampioenskappe en bring dit saam terug huis toe.*



# Wilgie atlete presteer

*Die primêre atlete van Hoërskool Wilgerivier het baie goed presteer tydens die afgelope SA Kampioenskappe te Germiston. Colene Scheepers verower 'n brons medalje in die dogters o/13, 4 x 100m aflos. Anika van Wyk verower 'n silwer medalje in die dogters o/11, 4 x 100m aflos. Angelique Botha ontvang ook 'n brons medalje in die dogters o/10, 4 x 100m aflos.*

# Netbalkliniek bygewoon



*Daar kan nou met oorgawe uitgesien word na die netballiga wat in die vooruitsig is. Hoërskool Heilbron se eerste netbalspan het die toer geniet na Phiantie naby Bothaville. 'n Voormalige Proteaspeelster, Wanda Moolman het die kliniek aangebied. Daar was lekker netbal gespeel en baie geleer. Op die foto onder van die spelers in aksie.*



# Wilgies toer na Natal



*Verskeie rugbyspanne van Hoërskool Wilgerivier het vertrek op rugbytoere in Natal. Die uitslag is as volg: o/9A wen Port Natal 60-0 sowel as Kuswag 30-0. Die o/11A wen Port Natal 49-0 en Kuswag 50-0. Die o/13A-span wen ook vir Port Natal 22-5 en ook Arboretum Primary School 17-12. Die o/15A het ook fees gevier na hul wen teen Kuswag 52-0 en Port Natal 56-0. O/16-span stap as die wenspan weg teen Brettonwood Hoërskool 60-0 maar kon ongelukkig nie die titel vat teen Kindsway Hoërskool nie en verloor 7-24. Die eerste rygbyspan verloor teen Kuswag 7-37 en 7-45. Van die spanne het ook wedstryde teen Lucas Meyer Primêre Skool in Vryheid gespeel. Die uitslae: o/9 wen 32-5 teen Lucas Meyer, o/11 wen hulle ook met 24-7. 'n Goeie wen is aan die o/13 toegeken teen Luca Meyer, 40-5. Op die foto bo Hoërskool Wilgerivier se eerste span en foto onder die o/9's en betrokke borge en afrigters.*



# Heilbron rugbymanne toer die vakansie



*Die rugbymanne van Hoërskool Heilbron het die Bronnie-naam gaan hoog hou tydens hulle toere. Die o/15's is onderweg na Vrede en die eerstespan het reggestaan vir die toer Parys toe. Op die foto bo die eerstespan en foto onder die o/15's.*



Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 • E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

# Vaaldam se geheime - Deel 4

**• *Renè Fourie***

In Vaaldam se geheime deel 1 weet ons dat die stamvader, Hendrik Adriaan Roets wat in die huwelik verbind was met Jacoba Dorothea Christina Roets (nee du Preez), hul plase Zandfontein en Cyferfontein (deel van die plase onder water by die Vaaldam-RAU eiland) aan hulle twee dogters bemaak het. Susarah Susanna (Sarah) Roets, erf Cyferfontein (Cijferfontein) en Anna Francina Roets, erf Zandfontein. (Zandfontein se verhale was reeds uiteengesit in deel 2 en 3).

Cyferfontein se verhaal oorleef ook die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 in Transvaal, 1895-1896 die runderpes uitbraak en die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 dan nog die rebellie van 1914-1915.



*Christoffel Bernardus Vosloo & Susarah Susanna Roets*

Susarah Susanna (Sarah) Roets was gebore op 12 September 1849. Sarah tree in die huwelik met Christoffel Bernardus Vosloo. Christoffel Bernardus Vosloo was gebore op 30 Augustus 1835 in Cradock. (Reeds in deel 1 genoem).

Christoffel Bernardus Vosloo was die seun van die Voortrekker, Gerhardus Johannes Vosloo, gebore 24 September 1797. Hy trou in Cradock met Anna Barbara Botha die weduwee van Volkert Johannes Delport. Na haar dood in 1826 hertrou hy in Somerset met Anna Maria Jacomina Enslin, gebore in ongeveer 1801 en oorlede op 14 September 1878 op die plaas Boschpoort, Kroonstad distrik. Hulle trek tussen September/ Desember 1837 na die binneland in die trek geselsskap van P.A. Opperman of dalk selfs vroeër saam met J.A. Enslin, die leier van die sogenaamde Jerusalemgangers. Die wat my werk volg sal weet dat ek reeds n ruk gelede iets geplaas het oor die Jerusalemgangers. Die Vosloo-Voortrekkers vestig hulle op die plaas Patryskraal in die teenswoordige distrik Kroonstad.

Christoffel Bernardus Vosloo tree eers in die huwelik met Anna Catharina Olivier. Sy was gebore op 27 Mei 1843 in Windburg. Anna en Christoffel het een seun saam gehad, Gerhardus Johannes Vosloo (gebore 20 Augustus 1862). Anna was maar 21 met haar afsterwe op 19 Augustus 1864. Klein Gerhardus was net twee jaar oud.

Christoffel tree met Susarah Susanna Roets van Cyferfontein in die huwelik op 11 Junie 1865, Heilbron distrik, na die dood van Anna. Sarah was maar 15 jaar oud met hul huwelik en Christoffel reeds 30 jaar. Sarah en Christoffel Bernardus Vosloo vestig hul op Cyferfontein

**Kinders uit hul huwelik:**

1) Oudste dogter was Jacoba Dorothea Vosloo (van Vuuren) (Meyer) gebore 30 April 1866.

2) 8 Junie 1868 word Anna Maria Jacoba Vosloo (van der Westhuizen) gebore.

3) Sara Susanna Vosloo (van der Westhuizen) word gebore op 11 Julie 1870.

4) Nog 'n dogter, Christoffel Bernardus (Steyn) word gebore op 22 Desember 1872.

5) Op 18 Maart 1875 word hul oudste seun Hendrik Adriaan Vosloo gebore.

6) Op 28 Julie 1877, Johan Adam Vosloo.

7) Aletta Johanna Vosloo (Steenkamp) word gebore op die 4 Junie 1879,

8) Anna Christina Vosloo (Mocke) 22 Oktober 1881,

9) Judith Susara Johanna Vosloo (Mocke), 8 Mei 1884,

10) Christoffel Bernardus Vosloo, 22 September 1886,

11) Maria Magdalena Vosloo (Fourie), 24 Desember 1889.

12) Die jongste Anna Francina Johanna Vosloo (Bezuidenhout) (Steenkamp), 29 Maart 1894. Sarah was toe reeds 44 jaar oud en Christoffel 59 jaar oud. Altesaam 12 kinders is gebore uit die huwelik.

Christoffel en Sarah (Susarah) boer op Cyferfontein. Cyferfontein se oorspronklike grote was 1438 morge. Christoffel het ook reeds in 1889 'n dorpshuis besit in Heilbron by Barrackstraat, erf nr 64 (onder Senwes omgewing). Christoffel Bernardus Vosloo haal die rype ouderdom van 90 jaar voor hy oorlede is op 31 Oktober 1925. Hy word begrawe op Cyferfontein. Sy graf is vandag een van die grafte onder water in die Vaaldam.

Hendrik Adriaan (1875) die oudste seun van Sarah dien onder Kommandant Dawid van Coller in die Anglo Boere-oorlog asook sy broer Christoffel Bernardus Vosloo (Gebore 1886). Hendrik kry 'n medalje vir sy rol in die Anglo Boere-oorlog(1899-1902). Hy was 24 jaar oud met die uitbreek van die oorlog.

Na die oorlog tree Hendrik Adriaan Vosloo in die huwelik met Wilhelmina Catharina Georgina (Viljoen) op 21 Junie 1904. Sy was gebore op 6 April 1886. 'n Meisie afkomstig van die plaas Mooidam. Hendrik was 29 en Wilhelmina 18 jaar oud. Hul vestig hul op Cyferfontein.

Wilhelmina was gebore op 6 April 1886. Sy was die dogter van Johannes Hendricus "Jan" Viljoen en Johanna Clasina Aletta Viljoen (Roets). Johannes Hendricus "Jan" Viljoen was weer die seun van Jozua Jacobus Viljoen, gebore 16 Junie 1831 en oorlede 16 April 1909. Hy was die eienaar en persoon na wie Viljoensdrift vernoem is, oppad na Vereeniging. "Jozua" se tweede vrou, Magdalena Potgieter en haar eerste man, Stephanus Potgieter die voorsate is van die huidige Potgieter boere in die Heilbron distrik.

Wilhelmina se moeder, Johanna, was gebore op Weltevreden, Heilbron. Haar oupa was Johannes Nicolaas Rudolph "Niklaas" Roets en ouma was Wilhelmina Catharina Georgina Roets. Johannes Nicolaas Rudolph "Niklaas" Roets was weer op sy beurt 'n broer van Hendrik Adriaan Roets, die stamvader van Cyferfontein en Zandfontein.

Wilhelmina, Hendrik Adriaan Vosloo se vrou, was 14 jaar oud toe haar vader "Jan" gesneuwel het op die oorlogsfront in Bothaville op 42 jarige ouderdom, 6 November 1900. Die tyd van die Anglo Boere-oorlog.

Dit is dan ook na alle waarskynlikheid na hom, Johannes Hendricus "Jan" Viljoen, wat daar vernoem word op die Burgermonument voor die NG Kerk op Heilbron as veldkornet J. Viljoen.

Hendrik Adriaan en Wilhelmina Catharina Vosloo het vyf kinders gehad. Jacoba Christina Dorothea Vosloo (Cronjè), Christoffel Bernardus Vosloo- hul enigste seun (gebore op 7 April 1905 – oorlede 2 April 1984), Johanna Clasina Vosloo (gebore 12 Oktober 1909 – oorlede 21 Oktober 1979), Sara Susanna Vosloo (Kruger) (gebore 7 Julie 1911 – oorlede 7 Maart 2002) en Wilhelmina Catharina Georgina Vosloo (gebore 23 November 1914 – oorlede 17 September 1965) genoem "Willie". Al Hendrik se kinders was eers inboorlinge van Cyferfontein tot en met 1934, waarna alles vir die Vosloo's verander het.

Met die onteiening van die plase in 1934, met die bou van die Vaaldam, was Hendrik Adriaan Vosloo, die oudste seun, reeds die eienaar van 'n gedeelte van Cyferfontein. Sarah, sy moeder, verhuis saam met Hendrik na Diederiksdam (plaas nr 534) in Heilbron (Vegkop) distrik. Sy was reeds 85 jaar oud toe sy Cyferfontein moes verlaat.


Cyferfontein se nageslag het suksesvol hul lewens voortgesit op Diedricksdam. Na die staat se onteiening van Cyferfontein en die bietjie geld wat deur die staat betaal was, slegs 2 pond 10 sjielings per morg, was die lewe nie maklik nie. Hendrik se suster, Jacoba Dorothea Vosloo (van Vuuren), 'n inboorling van Cyferfontein, word op Diedericksdam begrawe met haar afsterwe op 27 Januarie 1945. Haar ouderdom by afsterwe was 79 jaar.

Susarah Susanna (Sarah) Roets (Vosloo) was nie saam met haar man ter ruste gelê op Cyferfontein nie. Die Vaaldam het reeds die familie-begrafplaas oorstroom. Sy is saam met haar kinders op Diedericksdam se kerkhof begrawe. Sy is oorlede op 15 Desember 1939. Sy behaal die rype ouderdom van 90 jaar. Haar grafsteen was in die vorm van 'n wit kis met 'n bybel op.


Hendrik Adriaan Vosloo is oorlede op 2 Desember 1960, op die ryp ouderdom van 85, hy is ter ruste gelê op Diedericksdam. Wilhelmina Catharina Georgina (Viljoen) Vosloo is oorlede op 4 November 1966. Haar graf kan ook gevind word by die kerkhof op Diedericksdam. Sy was 80 jaar oud.

Gewis kon die Vosloo's spog met hoë ouderdomme. Gesonde lewensjare en 'n wil om 'n sukses te maak na die Vaaldam hul plaas oorstroom het.

Dankie aan Piet Lombard vir hulp en Christo Vosloo vir foto's.



*Diedericksdam eerste opstal.*




*Sleutel van eerste opstal.*




*Hendrik Adriaan Vosloo - Anglo Boereoorlog medalje.*




*Susarah Susanna (Roets) Vosloo se graf.*



*Eerste bladsy van koopkontrak. HA Roets en CB Vosloo.*




*Wilhelmina Catharina Georgina (Viljoen) - Vosloo.*

Herald Sport

# Heilbron Krieket Nuus

Sharpville onttrek uit die semi-finale, waar Heilbron deurgaan na die finale toe. Heilbron het die afgelope naweek teen Sasol 3 gespeel. Sasol 3 het die loot gewen en eerste begin kolf. Hulle het 192-3 aangeteken in die 20 boulbeurte. Heilbron kon ongelukkig net 169-7 punte aanteken in die 20 boulbeurte. Teen die einde van die dag het Sasol 3 het met 23 lopies gewen. Die kolfstatistieke is as volg: Eerste - Irfran Arshad met 43 en tweede - Pieter Baan met 33. Boulstatistieke: Eerste - Irfran Arshad met 3 boulbeurte, 28 lopies en 2 paaltjies en tweede - Pieter Baan met 4 boulbeurte, 25 lopies en 1 paaltjie.



*Op die foto is: Oneer Muhammed, Dries Bester, Theuns Botha, George Roos, JJ Joubert, Asif Ali, Wikus van Wyk, Pieter Baan, Renier Schoeman, Lourens Williers en Irfran Arshad.*




# Jacob se groot vangs



*Op die foto bo Jacob Pule wat 'n groot baber Saterdag, 9 Maart 2019 uit die Koppies-dam getrek het. Hy het die groot vangs met 'n "party pack floatie" gevang. Die gewig van die baber is onbekend, "maar hy was swaar" beklemtoon Pule.*

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 26 MAART 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 27 MAART 2019
MEMEL Maandelikse veiling.
Kontak Gideon Bekker 084 512 7628

DONDERDAG - 28 MAART 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 29 MAART 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak MJ Lourens 072 515 3549

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID